# Gesels saam

GRAAD 4-6

## WELKOM

Laat die groep terugdink aan bekende mense in die geskiedenis, byvoorbeeld: Jan van Riebeeck, Nelson Mandela of selfs koning Dawid.

Gesels saam:

- Watter van hierdie persone sou julle wou terugbring uit die dood?
- Wat sou julle vir hulle wou vra?

Ons gaan vandag gesels oor 'n verhaal waar Jesus iemand uit die dood opgewek het.

## WONDER

Vertel die verhaal van Johannes 11:1-37 vir die groep en lees dan vers 38-44 saam.

Gesels saam:

- Hoe dink julle het Martha en Maria gevoel toe Jesus "te laat" gekom het?
- Ons lees in die verhaal dat Jesus gehuil het. Wat leer die vir ons van Jesus?
- Hoe dink julle het die mense gereageer toe Lasarus uit die graf gestap het?
- Wat beteken Jesus se woorde: "Ek is die opstanding en die lewe"?

## WEES

In die Bybelse tyd het die mense iemand wat doodgegaan het met lappe toegedraai. Ons gaan vandag 'n bietjie kyk hoe dit gelyk het deur mekaar speel-speel met toiletpapier toe te draai.

Verdeel die jongmense in kleiner groepe. Gee vir elke groep 'n rol toiletpapier en laat hulle mekaar soos mummies toedraai.

*Alternatief:*

Doen 'n eksperiment om te demonstreer hoe Lasarus se lewelose liggaam weer lewe kry. Julle benodig 'n klein, leë koeldrankbottel halfvol asyn, 'n paar eetlepels koeksoda en 'n ballon.

Gooi die koeksoda in die ballon (gebruik 'n tregter) en verduidelik vir die groep dat dit soos Lasarus se lewelose liggaam is. Maar Jesus het geroep: "Lasarus, kom uit!" en toe word Lasarus weer lewendig. Trek nou die ballon se punt oor die waterbottel en laat die koeksoda in die asyn val. Daar sal 'n chemiese reaksie plaasvind wat die ballon sal laat opblaas.

## WEGSTUUR

Bid die volgende gebed saam: Dankie, Jesus, dat U sterker is as die dood. Dankie dat U lewe gee. Help ons om altyd op U te vertrou. Amen.